 - (g) any duly licensed auctioneer selling by auction, upon the licensed premises of the holder of any wholesale liquor licence or of any licensee authorized by any provision of this ordinance to dispose of his stock of liquor by auction, liquor belonging to such a licensee or selling by auction at a place approved of by the magistrate of the district in which the sale takes place, any liquor belonging to the estate of the deceased person or to an insolvent estate, in either case in quantities not less than such as are authorized to be sold under a wholesale liquor licence;
 - (h) any owner or lawful occupier of land selling to a licensee in terms of any permit granted by the magistrate of the district liquor produced from fruit or other produce grown on such land but subject to the provisions of any excise or other law;
 - (i) the master of a vessel in any dock or harbour of the Territory or within the territorial waters of the Territory in respect of the sale on board such vessel to any passenger therein of liquor taken from duty paid stores freed by the Department of Customs of the Republic if such vessel ordinarily plies between places situate not less than one hundred miles apart.

5. No provision of or condition imposed under the authority of this ordinance which differentially affects any Native, Asiatic or Coloured person shall apply to any person who is duly accredited to the Republic by the government of any other state, or to any member of his family living with him or to such members of his staff as are not domiciled within the Republic.

Exemption from certain differential provisions of certain accredited persons.

HOOFSTUK II.

LISENSIES.

Klassifikasie van
en soorte lisensies.

6. Die lisensies wat kragtens hierdie ordonnansie verleen of hernieu kan word, is van die volgende onderskeie soorte: —

- (a) buiteverbruikslisensies, dit wil sê, lisensies vir die verkoop van drank om verbruik te word buite die perseel waar dit verkoop word —
 - (i) groothandel dranklisensie;
 - (ii) spesiale groothandeldepotlisensies vir brouers;
 - (iii) bottel dranklisensies;
 - (iv) buiteverkoopslisensies vir huisvestingsinrigtings;
- (b) binneverbruikslisensies, dit wil sê, lisensies vir die verkoop van drank om verbruik te word op die perseel waar dit verkoop word —
 - (i) restaurant dranklisensies;
 - (ii) klub dranklisensies;
 - (iii) tydelike dranklisensies;
 - (iv) spesiale dranklisensies;
 - (v) binneverbruikslisensies vir huisvestingsinrigtings.

Duur van lisensie.

7. Behalwe waar hierdie ordonnansie uitdruklik anders bepaal is 'n lisensie verleen of hernieu kragtens hierdie ordonnansie van krag van en met die eerste dag van April of van en met die dag van verlening of hernuwing as daardie dag later is as die eerste dag van April in die jaar waarvoor die lisensie van krag moet wees, tot en met die een-en-dertigste dag van Maart daaropvolgend: Met dien verstande dat wanneer ook al 'n landdros wat 'n aansoek om hernuwing verhoor, verplig is om die verhoor te verdaag na 'n datum na die een-en-dertigste Maart in enige jaar sonder om tot 'n beslissing te kom oor die aansoek, die lisensie waarop die aansoek van toepassing is, van krag bly totdat die landdros oor die aansoek besluit het.

Vorm van lisensie.

8. Lisensies uitgereik kragtens hierdie ordonnansie moet in die voorgeskrewe vorm wees en moet die volgende bevat:—

- (a) 'n verklaring oor die ligging van die perseel ten opsigte waarvan dit verleen word;
- (b) enige besondere voorwaardes en enige voorregte wat aan die houer daarvan opgelê of verleen word; en
- (c) 'n beskrywing van die plek waarin die lisensiehouer sy drank moet opberg.

Vereistes vir die
uitreiking van
lisensies.

9. (1) Geen lisensie mag kragtens hierdie ordonnansie uitgereik word nie tensy die toepaslike gelde voorgeskryf by artikel 11 betaal word en tensy aan die uitreikende gesag 'n sertifikaat voorgelê word wat onderteken is deur —

- (a) die betrokke landdros in die geval van die hernuwing van 'n lisensie of in enige geval waar 'n voorwaardelike magtiging bedoel in artikel 32 uitgereik is;
- (b) die sekretaris van die raad in die geval van 'n nuwe lisensie deur die raad verleen, en waarin vermeld word dat die uitreiking van die lisensie gemagtig is en wat die besonderhede wat die lisensie kragtens artikel 8 moet bevat, uiteensit; en
- (c) die Direkteur in die geval van binneverbruikslisensies vir huisvestingsinrigtings.

CHAPTER II.

LICENCES.

6. The licences which may be granted or renewed under this ordinance are of the several descriptions following —

Classification and description of licences.

- (a) off-consumption licences, that is to say, licences for the sale of liquor to be consumed off the premises where it is sold —
 - (i) wholesale liquor licences;
 - (ii) special brewers wholesale depot licences;
 - (iii) bottle liquor licences;
 - (iv) accommodation establishment off-sales licences;
- (b) on-consumption licences, that is to say, licences for the sale of liquor to be consumed on the premises where it is sold —
 - (i) restaurant liquor licences;
 - (ii) club liquor licences;
 - (iii) temporary liquor licences;
 - (iv) special liquor licences;
 - (v) accommodation establishment on-consumption licences.

7. Save as otherwise expressly provided in this ordinance, a licence granted or renewed under this ordinance shall be of force from the first day of April, or from the date of grant or renewal if such date be later than the first day of April, in the year for which the licence is to be available, until the thirty-first day of March following, both days inclusive: Provided that whenever a magistrate hearing any application for the renewal of a licence has been compelled to adjourn the hearing to a date later than the thirty-first day of March in any year without having come to a decision upon the application, the licence to which the application relates shall remain in force until the magistrate shall have decided upon the application.

Duration of licences.

8. Licences issued under this ordinance shall be in the prescribed form and shall contain —

Form of licences.

- (a) a statement as to the situation of the premises in respect of which it is granted;
- (b) any special conditions imposed upon and any privileges granted to the holder thereof; and
- (c) a description of the place in which the licensee is to store his liquor.

9. (1) No licence shall be issued under this ordinance except on payment of the appropriate fee prescribed by section 11 and upon production to the issuing authority of a certificate signed —

Requirements for issue of licences.

- (a) in the case of the renewal of a licence or in any case where a conditional authority referred to in section 32 has been issued, by the magistrate concerned;
- (b) in the case of a new licence granted by the board, by the secretary to the board, stating that the issue of the licence has been authorised and setting forth the particulars to be contained in the licence in terms of section 8; and
- (c) in the case of accommodation establishment on-consumption licences by the Director.

(2) 'n Sertifikaat uitgereik ooreenkomstig subartikel (1) verval as geen lisensie daarkragtens binne 'n tydperk van sestig dae na die datum van sy uitreiking uitgereik word nie.

Uitreiking van
lisensies.

10. (1) 'n Lisensie waarvan die verlening of hernuwing, na gelang, gemagtig word, word uitgereik deur die ontvanger van inkomste van die distrik waarin die perseel waarop die lisensie van toepassing is, geleë is.

(2) Elke lisensie aldus uitgereik word in vyfvoud opgestel en een afskrif daarvan word aan die lisensiehouer oorhandig; een word aan die landdros van die distrik waarin die gelisensieerde perseel geleë is, gestuur, een aan die polisieoffisier aangewys ooreenkomstig artikel 115, een aan die Direkteur van Sensus en Statistiek en een word deur die uitreikende gesag behou: Met dien verstande dat 'n binneverbruiklisensie vir 'n huisvestingsinrigting uitgereik word in sesvoud en 'n afskrif daarvan gestuur word aan die Direkteur.

(3) Die uitreiking van 'n lisensie moet wat betref die vorm daarvan en die aantekeninge daarop voldoen aan die toepaslike bepalings van hierdie ordonnansie.

Lisensiegelde.

11. (1) By die uitreiking kragtens hierdie ordonnansie van enige nuwe lisensie of van 'n lisensie ter hernuwing van 'n lisensie daarkragtens gehou of beskou as daarkragtens gehou of by die uitreiking van enige magtiging tot die oordrag of verplasing van 'n lisensie kragtens hierdie ordonnansie, moet die gelde uiteengesit in die Eerste Bylae van hierdie ordonnansie onderhewig aan die hieropvolgende bepalings van hierdie artikel ten opsigte van sodanige uitreiking, hernuwing, oordrag of verplasing betaal word.

(2) Die gelde betaalbaar ooreenkomstig die Eerste Bylae by die uitreiking van 'n tydelike dranklisensie is twee rand per dag ten opsigte van elke kroeg wat kragtens die lisensie gehou word, as dit uitgereik word aan die sekretaris van 'n tentoonstelling of landbouskou gehou deur 'n vereniging of inrigting waarvan die lede nie sal deel in enige wins wat sodanige tentoonstelling of skou moontlik oplewer nie.

(3) Wanneer ook al 'n lisensie na die een-en-dertigste dag van Maart van enige jaar verleen of hernieu word, word die bedrag betaalbaar ooreenkomstig die Eerste Bylae ten opsigte van sodanige verlening of hernuwing verminder met een-twaalfde vir elke voltooide kalendermaand wat verstryk het tussen die voorafgaande een-en-dertigste dag van Maart en die datum van die werklike uitreiking van die lisensie.

HOOFSTUK III.

DRANKLISENSIERAAD.

Instelling van
Dranklisensieraad.

12. Daar word hierby 'n raad ingestel wat heet die Dranklisensieraad wat die bevoegdhede kan uitoefen en die werksaamhede en pligte kan verrig wat by hierdie ordonnansie aan die raad opgedra of toegewys word.

Samestelling van
raad.

13. (1) Die raad bestaan uit —

- (a) 'n landdros met sy standplaas in die Gebied, wat deur die Administrateur aangestel word en wat voorsitter van die raad is;
- (b) die Sekretaris van Suidwes-Afrika of iemand in die diens van die Administrasie deur hom gemagtig om in sy plek op te tree as 'n lid van die raad gedurende enige tydperk of by enige vergadering van die raad deur hom gespesifiseer;

(2) Any certificate issued in terms of subsection (1) shall lapse if no licence is issued in pursuance thereof within a period of sixty days after the date of issue.

10. (1) Any licence authorised to be granted or renewed, as the case may be, shall be issued by the receiver of revenue of the district in which the premises to which the licence relates, are situated. Issue of licences.

(2) Every licence so issued shall be made out in quintuplicate of which one copy shall be handed to the licensee, one shall be transmitted to the magistrate of the district in which the licensed premises are situated, one to the commissioned officer of police designated in terms of section 115, one to the Director of Census and Statistics and one shall be retained by the issuing authority: Provided that an accommodation establishment on-consumption licence shall be made out in sextuple and a copy transmitted to the Director.

(3) The issue of any licence shall, as to the form thereof and as to the endorsements thereon, comply with the relative provisions of this ordinance.

11. (1) Upon the issue under this ordinance of any new licence or of a licence in renewal of a licence held or deemed to be held thereunder or upon the issue of any authority for the transfer or removal of a licence under this ordinance there shall subject to the succeeding provisions of this section in respect of such issue, renewal, transfer or removal be paid the fees set out in the First Schedule to this ordinance. Licence fees.

(2) The fee payable in terms of the First Schedule on the issue of a temporary liquor licence shall be two rand per diem in respect of each bar kept under the licence, if it is issued to the secretary of an exhibition or agricultural show conducted by an association or institution whose members will not share in any profit derived from such exhibition or show.

(3) Whenever after the thirty-first day of March in any year a licence is granted, or renewed, the amount payable in terms of the First Schedule in respect of such grant or renewal shall be reduced by one twelfth in respect of each complete calendar month which has passed from the preceding thirty-first day of March to the date of the actual issue of the licence.

CHAPTER III.

LIQUOR LICENSING BOARD.

12. There is hereby established a board to be known as the Liquor Licensing Board which may exercise the powers and perform the functions and duties conferred upon or assigned to the board by this ordinance. Establishment of
Liquor Licensing
Board.

13. (1) The board shall consist of — Constitution of
board.

(a) a magistrate stationed in the Territory who shall be appointed by the Administrator and who shall be the chairman of the board;

(b) the Secretary for South West Africa or a person in the service of the Administration authorised by him to act in his stead as a member of the board during any period or at any meeting of the board specified by him;

- (c) die Afdelingskommissaris van Polisie van Suidwes-Afrika of 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer in die Gebied, nie onder die rang van kaptein nie, gemagtig deur die bedoelde Afdelingskommissaris om gedurende enige tydperk of by enige vergadering van die raad deur hom gespesifiseer, as lid van die raad in sy plek op te tree;
 - (d) twee ander persone wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie, aangestel deur die Administrateur.
- (2) Elkeen aangestel kragtens subartikel (1) (d) beklee die amp vir 'n tydperk van twee jaar tensy sy aanstelling ingevolge subartikel (3) eerder beëindig word.
- (3) Enige aanstelling gedoen kragtens subartikel (1) (d) kan te eniger tyd deur die Administrateur na sy behae beëindig word.

Persone onbevoeg om lede van die raad te wees en ontruiming van amp.

14. (1) Niemand mag as 'n lid van die raad aangestel word nie as hy —

- (a) die houër is van 'n lisensie vir die verkoop van drank, uitgereik kragtens hierdie ordonnansie of 'n geldelike belang het in enige besigheid wat kragtens so 'n lisensie gedryf word;
- (b) 'n brouer of distilleerder van drank is;
- (c) betrokke is by die vervaardiging van wyn of spiritualieë vir verkoop;
- (d) die gade, vennoot of agent is van iemand bedoel in paragraaf (a), (b) of (c);
- (e) 'n agent, werknemer of ampsdraer is van enige vennootskap, genootskap of vereniging van persone wat belang het by die verkoop of die voorkoming van die verkoop van drank;
- (f) 'n ampsdraer of lid van enige genootskap of vereniging van persone is of, binne die onmiddellike voorafgaande tydperk van drie jaar was, wat die onderdrukking van die drankhandel of die ontmoediging van die verbruik van drank deur of die verkoop van drank aan persone as sy hoofdoel het.
- (g) 'n direkteur, bestuurder, agent of werknemer is van, of 'n aandeelhouer of vennoot is in, enige handel of besigheid gedryf op enige gelisensieerde perseel, of die eienaar, verhuurder of huurder is van, of die houër is van 'n verband op sodanige perseel;
- (h) 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of
- (i) te eniger tyd in die Gebied of elders gevonnissen is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete ten opsigte van 'n misdryf wat nie van politieke aard is nie, en nie begenadig is nie.

(2) Geen lid van die raad aangestel kragtens artikel 13 (1) (d) mag as sodanige lid enige bevoegdhede uitoefen of werksaamhede of pligte verrig nie tensy hy aan die voorsitter 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm verstrek het, met die strekking dat na sy beste kennis en oortuiging hy nie ingevolge enige bepaling van subartikel (1) onbevoeg is om as so 'n lid te sit nie.

(3) As 'n lid van die raad aangestel kragtens artikel 13 (1) (d) sterf of bedank of om een of ander rede nie die werksaamhede van sy amp kan verrig nie of onbevoeg raak om as so 'n lid te dien weens enige bepaling van subartikel (1), of sy amp om enige rede ontruim, stel die Administrateur, behoudens die bepalings van subartikel (1) iemand anders aan om die amp te beklee vir die onverstreke deel van die tydperk waarvoor sy voorganger aangestel was.

Aanstelling van tydelike lede.

15. As 'n lid van die raad aangestel kragtens artikel 13 (1) (a) of (d) weens siekte of enige ander rede wat

- (c) the Divisional Commissioner of Police for South West Africa or a member of the South African Police stationed in the Territory not below the rank of captain authorised by the said Divisional Commissioner to act in his stead as a member of the Board during any period or at any meeting of the board specified by him;
- (d) two other persons not in the full-time employment of the State, appointed by the Administrator.

(2) Every person appointed under subsection (1) (d) shall hold office for a period of two years unless his appointment be sooner terminated under subsection (3).

(3) Any appointment made under subsection (1) (d) may at any time be terminated by the Administrator at his pleasure.

14. (1) No person shall be appointed as a member of the board if he —

- (a) is the holder of any licence for the sale of liquor issued under this ordinance or has any financial interest in any business carried on under such a licence;
- (b) is a brewer or distiller of liquor;
- (c) is engaged in the business of making wine or spirits for sale;
- (d) is the spouse, partner or agent of any person referred to in paragraph (a), (b) or (c);
- (e) is an agent, employee or office-bearer of any partnership, society or association of persons interested in the sale or the prevention of the sale of liquor;
- (f) is or, within the immediately preceding period of three years, was an office-bearer or member of any society or association of persons having as its main object the suppression of the liquor trade or the discouragement of the consumption of liquor by or the sale of liquor to persons;
- (g) is a director, manager, agent or employee of or a shareholder or partner in any trade or business carried on upon any licensed premises or is the owner, lessor or lessee of or the holder of a mortgage bond in respect of such premises;
- (h) is an unrehabilitated insolvent; or
- (i) has at any time been sentenced in the Territory or elsewhere to imprisonment without the option of a fine in respect of an offence which is not of a political character and has not received a free pardon.

Person disqualified from being member of the board and vacation of office.

(2) No member of the board appointed under section 13 (1) (d) shall exercise any powers or perform any functions or duties as such a member unless he has furnished the chairman with a certificate in the prescribed form, to the effect that to the best of his knowledge and belief he is not disqualified from sitting as such a member by any provision of subsection (1).

(3) If any member of the board appointed under section 13 (1) (d) dies or resigns or is unable for any reason to perform the functions of his office or becomes disqualified from serving as such a member by virtue of any provision of subsection (1) or vacates his office for any reason, the Administrator shall, subject to the provisions of subsection (1), appoint another person to hold office for the unexpired portion of the period for which his predecessor was appointed.

15. If any member of the board appointed in terms of section 13 (1) (a) or (d) is unable to attend any meet-

Appointment of temporary members.

die Administrateur goed en voldoende beskou, nie 'n vergadering van die raad kan bywoon nie, kan die Administrateur, behoudens die toepaslike bepalinge van die genoemde artikel, iemand anders aanstel om as lid van die raad by sodanige vergadering of enige verdaging daarvan op te tree.

Besoldiging van lede.

16. Die lede van die raad aangestel kragtens artikel 13 (1) (d) ontvang sodanige besoldiging en sodanige reis- of verblyftoelaes ten opsigte van hul bywoning van vergadering van die raad, soos die Administrateur van tyd tot tyd bepaal.

Sekretaris van die raad.

17. Die Administrateur kan iemand in die diens van die Administrasie as sekretaris van die raad aanstel.

Kworum en meerderheidsbesluite.

18. Die kworum vir 'n vergadering van die raad is drie lede van die raad.

Sekere lede van die raad mag nie deelneem aan die verhoor van of besluite oor aansoeke nie.

19. (1) Geen lid van die raad mag deelneem aan die verhoor van of besluite oor enige aansoek aan die raad gerig nie as hy, sy gade of kind —

- (a) die eienaar, verhuurder, huurder of verbandhouer is van die perseel waarop die aansoek betrekking het;
- (b) die aansoeker is of die vennoot, werknemer of agent van die aansoeker of van enige persoon of liggaam van persone is wat teen die aansoek beswaar maak;
- (c) die direkteur, bestuurder of ander beampte of 'n werknemer of agent is van 'n maatskappy, vennootskap of vereniging van persone wat, as dit 'n individu was, 'n persoon sou wees bedoel in paragraaf (a) of (b);
- (d) enige geldelike belang het in enige besigheid wat op die perseel waarop die aansoek betrekking het, gedryf word of gaan word;
- (e) hetsy regstreeks of onregstreeks deur die aansoeker gebruik is ten einde die aansoek te doen;
- (f) die eienaar, verhuurder, huurder of verbandhouer is van enige grond waarop geboue opgerig gaan word vir die doel van die aansoek of waarop geboue wat opgerig is, vir daardie doel verander of daarby aangebou gaan word;
- (g) 'n ampsdraer is van 'n klub ten opsigte waarvan die aansoek gedoen is; of
- (h) in die geval van 'n aansoek om 'n klubdranklisensie ten opsigte van 'n klub geleë in enige distrik, 'n ampsdraer is van enige ander klub wat in dieselfde distrik geleë is, ten opsigte waarvan 'n klubdranklisensie verleen is.

(2) 'n Lid van die raad wat by enige bepaling van subartikel (1) onbevoeg is om deel te neem aan die verhoor van of besluit oor enige bepaalde aansoek, moet hom onttrek.

Prosedure by onttrekking van 'n lid van die raad.

20. Wanneer ook al 'n lid van die raad hom kragtens artikel 19 onttrek, kan die Administrateur, as die oorblywende lede 'n kworum is, en moet hy, as sodanige lede nie 'n kworum is nie, iemand anders behoudens die toepaslike bepalinge van artikel 13 aanstel om die bevoegdhede uit te oefen en die werksaamhede te verrig van 'n lid van die raad gedurende die verhoor van en beslissing oor die betrokke aansoek.

Bevoegdhede en pligte van die raad.

21. Dit is die plig van die raad om, behoudens die bepalinge van hierdie ordonnansie, alle aanoeke om —

- (a) nuwe dranklisensies;

ing of the board due to ill-health or some other reason which the Administrator considers good and sufficient, the Administrator may, subject to the applicable provisions of the said section appoint another person to act as a member of the board at such meeting or any adjournment thereof.

16. The members of the board appointed under section 13 (1) (d) shall receive such remuneration and such travelling or subsistence allowances in respect of their attendance at meetings of the board, as the Administrator may from time to time determine.

Remuneration of members.

17. The Administrator may appoint a person in the service of the Administration as secretary to the board.

Secretary to the board.

18. The quorum for a meeting of the board shall be three members thereof.

Quorum and majority decisions.

19. (1) No member of the board shall take any part in the hearing or decision of any application made to the board if he, his spouse or child —

Certain members of the board may not take part in the hearing or decision of applications.

- (a) is the owner, lessor, lessee or mortgagee of the premises to which the application relates;
- (b) is the applicant or is the partner, employee or agent of the applicant or of any person or body of persons objecting to the application;
- (c) is a director, manager or other officer or an employee or agent of a company, partnership or association of persons which, if it were an individual, would be a person referred to in paragraph (a) or (b);
- (d) has any financial interest in any business conducted or to be conducted on the premises to which the application relates;
- (e) has been employed whether directly or indirectly, by the applicant for the purpose of making the application;
- (f) is the owner, lessor, lessee or mortgagee of any land on which buildings are to be erected for the purpose of the application or on which buildings which have been erected are to be altered or added to for that purpose;
- (g) is an office-bearer of a club in respect of which the application is made; or
- (h) in the case of an application for a club liquor licence in respect of a club situated in any district, is an office-bearer of any other club situated in the same district in respect of which a club liquor licence has been granted.

(2) Any member of the board who is by any provision of subsection (1) disqualified from taking part in the hearing or decision of any particular application, shall recuse himself.

20. Whenever a member of the board recuses himself in terms of section 19, the Administrator may, if the remaining members form a quorum and shall if such members do not form a quorum, subject to the applicable provisions of section 13, appoint another person to exercise the powers and perform the functions of a member of the board during the hearing and determination of the application concerned.

Procedure upon recusal of a member of the board.

21. It shall be the duty of the board to hear and determine, subject to the provisions of this ordinance, all applications for —

Powers and duties of the board.

- (a) new liquor licences,

(b) 'n voorwaardelike magtiging ooreenkomstig artikel 32; of

(c) die permanente verplasing van 'n lisensie, te verhoor en te beslis, en hy kan by die oorweging van enige sodanige aansoek die polisieoffisier bedoel in artikel 115, enige plaaslike bestuur, enige departement, afdeling of seksie van die Administrasie of enige ander persoon of liggaam aansê om sodanige inligting aan hom te verstrek soos hy nodig vind om tot 'n besluit oor die aansoek te kan geraak.

Vergaderings
van die raad.

22. (1) Die raad hou vier vergaderings in elke jaar en sodanige vergaderings begin op die tweede Woensdag in die maande Februarie, Mei, Augustus en November onderskeidelik, van elke jaar: Met dien verstande dat vir die jaar 1969 hou die raad drie vergaderings en sodanige vergaderings begin op die tweede Woensdag in die maande Mei, Augustus en November onderskeidelik: Met dien verstande voorts dat as sodanige Woensdag 'n openbare vakansiedag is die betrokke vergadering op die eersvolgende werkdag moet begin: Met dien verstande laastens dat geen vergadering van die raad gehou mag word as daar geen sake is wat die aandag van die raad verg nie.

(2) Die rangorde van sake by enige vergadering van die raad word deur die voorsitter bepaal.

(3) Elke vergadering van die raad is oop vir die publiek: Met dien verstande dat as die voorsitter aldus besluit die beraadslagings en stemming oor enige saak privaat moet geskied.

(4) Die sekretaris van die raad moet juiste en behoorlike notule hou van die verrigtings by elke vergadering van die raad wat in die publiek gehou word, en sodanige notule moet geliasseer word in die kantoor van die Sekretaris van Suidwes-Afrika of op sodanige ander plek soos hy van tyd tot tyd aanwys.

(5) Sodanige notule is gedurende normale kantoorure ter insae en enigiemand kan afskrifte daarvan maak: Met dien verstande dat die sekretaris van die raad op versoek van enigiemand en by betaling van die voorgeskrewe gelde afskrifte van sodanige notule vir so iemand moet laat maak.

(6) Die sekretaris van die raad moet aparte notule hou van die verrigtings by enige vergadering van die raad wat privaat gehou is en sodanige notule moet geliasseer word soos bepaal in subartikel (4).

(7) Sodanige notule word nie bekend gemaak aan enigiemand behalwe die Administrateur nie buiten op bevel van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

(8) Elke vergadering van die raad word gehou in die kantoor van die landdros van die distrik Windhoek maar kan verdaag word na 'n ander plek bepaal deur die voorsitter.

Spesiale
vergaderings.

23. (1) Die voorsitter of die raad kan in buitengewone omstandighede 'n spesiale vergadering van die raad belê vir die oorweging van enige aansoek bedoel in artikel 21 en moet so 'n vergadering belê —

(a) op die versoek, gedoen ooreenkomstig artikel 117, van die polisieoffisier bedoel in artikel 115; of

(b) op bevel van die Hooggeregshof gedoen ooreenkomstig artikel 27.

(2) Die sekretaris van die raad moet op die voorgeskrewe wyse kennis gee van enige spesiale vergadering wat ooreenkomstig subartikel (1) gehou moet word en moet in sodanige kennisgewing die tyd wanneer sodanige vergadering gehou gaan word, spesifiseer.

(3) As die saak vir oorweging by enige sodanige vergadering die intrekking van 'n lisensie ooreenkomstig 'n versoek gedoen kragtens artikel 117 is, kan die persoon

- (b) a conditional authority in terms of section 32, or
(c) the permanent removal of a licence,
and may in the consideration of any such application require the commissioned officer of police referred to in section 115, any local authority, any department or section of the Administration or any other person or body to furnish it with such information as it may deem necessary to enable it to arrive at a decision on the application.

22. (1) The board shall hold four meetings in every year and such meetings shall commence on the second Wednesday in the months of February, May, August and November respectively, of each year: Provided that the board shall, for the year 1969, hold three meetings and such meetings shall commence on the second Wednesday in the months of May, August and November respectively: Provided further that if such Wednesday is a public holiday the meeting concerned shall commence on the first ensuing working day: Provided lastly that no meeting of the board shall be held if there is no business which requires to be attended to by the board.

Meetings of the board.

(2) The order of business at any meeting of the board shall be determined by the chairman.

(3) Every meeting of the board shall be open to the public: Provided that if the chairman so decides, the deliberation and voting upon any matter shall take place in private.

(4) The secretary to the board shall keep a true and proper record of the proceedings at every meeting of the board held in public and such record shall be filed in the office of the Secretary for South West Africa or such other place as he may from time to time direct.

(5) Such record may during normal office hours be inspected and copies thereof may be made by any person: Provided that the secretary to the board shall upon the request of any person and upon payment of the prescribed fee cause copies of such record to be made for such person.

(6) The secretary to the board shall keep a separate record of the proceedings at any meeting of the board held in private and such record shall be filed as provided in subsection (4).

(7) Such record shall not be disclosed to any person other than the Administrator, save upon the order of the Supreme Court of South Africa.

(8) Every meeting of the board shall be held in the office of the magistrate for the district of Windhoek but may be adjourned to any other place determined by the chairman.

23. (1) The chairman of the board may in exceptional circumstances convene a special meeting of the board for the purpose of considering any application referred to in section 21 and shall convene such a meeting —

Special meetings.

- (a) upon the request, made in terms of section 117, of the commissioned officer of police referred to in section 115, or
(b) on the order of the Supreme Court made in terms of section 27.

(2) The secretary to the board shall in the prescribed manner give notice of any special meeting to be held in terms of subsection (1) and shall in such notice specify the time when such meeting will be held.

(3) If the matter for consideration at any such meeting is the cancellation of a licence in terms of a request made under section 117, the person who signed the report

wat die betrokke verslag onderteken het deur die lisensiehouer as 'n getuie geroep word om kruisverhoor te word oor sy verslag en sodanige persoon, hetsy hy aldus geroep word of nie, of enige ander lid van die polisie kan getuie-nis aanvra en beredenering bied ter staving van daardie verslag.

(4) Die raad kan by enige spesiale vergadering al die bevoegdhede uitoefen en al die werksaamhede en pligte verrig wat hy by 'n gewone vergadering gemagtig is om uit te oefen of te verrig en kan daarbenewens by 'n spesiale vergadering gehou kragtens subartikel (1) (a) die intrekking van die betrokke lisensie gelas of, as hy nie die intrekking daarvan gelas nie, enige verdere voorwaarde, beperking of verbod oplê wat hy by 'n gewone vergadering van die raad kon opgelê het.

Beslissing oor feite.

24. (1) Oor alle feitesake is die beslissing van die meerderheid van die lede van die raad wat by enige vergadering daarvan teenwoordig is en bevoeg is om te stem, 'n beslissing van die raad en by staking van stemme het die voorsitter by sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem.

(2) Die raad is nie verplig om aan enige aansoeker of ander persoon enige redes te verstrek vir sy beslissing oor enige saak beslis ooreenkomstig subartikel (1) nie.

Beslissing oor regspunte.

25. (1) Enige regspunt wat by 'n vergadering van die raad ter beslissing voorkom en enige vraag wat by so 'n vergadering voorkom of 'n saak wat beslis moet word 'n feitesaak of 'n regspunt is, word deur die voorsitter beslis.

(2) Die voorsitter kan die beredenering oor enige saak wat vir beslissing ooreenkomstig subartikel (1) voorkom, verdaag en hy kan sonder die ander lede van die raad sit vir die verhoor van sodanige beredenering en die beslissing daarvan.

(3) Die voorsitter moet sy redes aangee vir enige beslissing ooreenkomstig subartikel (1).

Bestelling van prosesstukke.

26. (1) In enige geding teen die raad ingestel, word die bestelling van prosesstukke aan die voorsitter van die raad en aan die adjunk-staatsprokureur met sy standplaas in Windhoek, behoudens die bepalinge van subartikel (2) beskou as voldoende bestelling aan die raad.

(2) Buiten waar die hof waaruit die dagvaarding uitgereik is of waarvoor die aansoek verhoor moet word, uitdruklik die teendeel gemagtig het en nieteenstaande andersluidende bepalinge in enige ander wet, mag die tyd wat toegelaat moet word vir die aantekening van verskyning op 'n dagvaarding wat uitgereik is in enige geding bedoel in subartikel (1) nie minder wees nie as een maand na bestelling daarvan soos bepaal in daardie subartikel en in aansoeke by wyse van mosie of versoekskrif mag die tyd wat toegelaat moet word vir die verhoor van die aansoek of vir die keerdag van die bevel *nisi* nie minder wees nie as veertien dae na bestelling soos bepaal in daardie subartikel van die kennisgewing van mosie of van die bevel *nisi*, na gelang.

(3) Die koste aangegaan deur lede van die raad in verband met 'n geding ingestel deur of teen hulle in hul hoedanigheid as sodanige lede word, tensy die hof waarvoor die geding dien, beveel dat die koste deur die teenparty of deur die bedoelde lede *de bonis propriis* gedra moet word, deur die Administrasie betaal.

Herstelling van raad se verrigtings.

27. (1) Behoudens die bepalinge van artikel 154 en subartikel (5) van artikel 48 kan enige verrigtings van die raad hersien word deur die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof op 'n versoekskrif van enige aansoeker of beswaarmaker as dit vir die hof blyk dat —

concerned may be called by the licensee as a witness for the purpose of being cross-examined as to his report and such persons, whether so called or not, or any other member of the police may call evidence and present argument in support of that report.

(4) The board may at any special meeting exercise all the powers and perform all the functions and duties which it is authorised to exercise or perform at an ordinary meeting and may, in addition, at a special meeting held in pursuance of subsection (1) (a), order the cancellation of the licence concerned or if it does not order the cancellation thereof, impose any further condition, restriction or prohibition which it could have imposed at any ordinary meeting of the board.

24. (1) Upon all matters of fact the decision of a majority of the members of the board present and qualified to vote at any meeting thereof shall constitute a decision of the board and in the event of an equality of votes the chairman shall in addition to his deliberative vote, have a casting vote.

Decision of
matters of fact.

(2) The board shall not be obliged to furnish to any applicant or other person any reasons for its decision upon any matter decided in terms of subsection (1).

25. (1) Any matter of law arising for decision at any meeting of the board and any question arising at any such meeting as to whether a matter for decision is a matter of fact or of law, shall be decided by the chairman.

Decision of
matters of law.

(2) The chairman may adjourn the argument upon any matter which may arise for decision in terms of subsection (1) and may sit without the other members of the board for the hearing of such argument and the decision thereof.

(3) The chairman shall state his reasons for any decision in terms of subsection (1).

26. (1) In any legal proceedings instituted against the board, service of any process on the chairman of the board and on the deputy state attorney stationed at Windhoek shall, subject to the provisions of subsection (2), be deemed to be sufficient service on the board.

Service of process.

(2) Save in any case where the court out of which the summons has been issued or before which the application is to be heard shall have specially authorised to the contrary and notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, the time to be allowed for the entering of appearance to a summons issued in any legal proceedings referred to in subsection (1) shall be not less than one month after service thereof as provided in that subsection and in applications by way of motion or petition the time to be allowed for the hearing of the application or for the return of the rule *nisi* shall be not less than fourteen days after service as provided in that subsection of the notice of motion or of the rule *nisi* as the case may be.

(3) The costs incurred by members of the board in connection with proceedings instituted by or against them in their capacity as such members shall, unless the court before which the proceedings are taken orders the costs to be borne by the opposite party or by the said members *de bonis propriis*, be paid by the Administration.

27. (1) Save as provided by section 154 and subsection (5) of section 48, any proceedings of the board may be reviewed by the South West Africa Division of the Supreme Court on the petition of any applicant or objector if it appears to the court that —

Review of board's
proceedings.

- (a) die raad in die betrokke verrigtings sy bevoegdheids oorskry het of geweier het om bevoegdheids uit te oefen wat hy moes uitgeoefen het of sy bevoegdheids op 'n arbitrêre of *mala fide*- of grof onredelike wyse uitgeoefen het; of
- (b) 'n skuldigebevinding van 'n aansoeker wat ten tyde van die beslissing daarvan voor die raad was, sedertdien onvêrgewerp of ter syde gestel is by hersiening of appél of dat 'n begenadiging ten opsigte van sodanige skuldigebevinding verleen is; of
- (c) iemand wat onbevoeg was om lid te wees of, as hy 'n lid was, om aan die betrokke verrigtings deel te neem, wel aan sodanige verrigtings deelgeneem het.

(2) As die hof, by die hersiening van verrigting van die raad, bevind dat die bewerings van die aansoeker om hersiening bewys is, kan hy die betrokke verrigtings ter syde stel en sodanige bevel verstrek soos hy wenslik ag, met inbegrip van 'n bevel dat 'n spesiale vergadering van die raad belê word om die saak opnuut te verhoor of te oorweeg: Met dien verstande dat geen verrigtings ter syde gestel mag word nie —

- (a) bloot weens 'n formele of tegniese gebrek in enige van die verrigtings wat, volgens die oordeel van die hof, nie 'n wesenlike onreg ten gevolge gehad het nie; of
- (b) in enige ander geval, tensy die hersieningshof oortuig is dat die bewese feite die aansoeker of iemand anders wesenlik benadeel het of bereken is om hom wesenlik te benadeel.

Wanneer appél geoorloof is.

28. (1) Wanneer die voorsitter van die raad oor 'n regspunt beslis het, mits dit nie 'n beslissing is kragtens subartikel (4) van artikel 48 nie, kan 'n aansoeker ten opsigte van, of in verband met, wie se aansoek, of 'n beswaarmaker ten opsigte van, of in verband met, wie se beswaar daardie beslissing gegee is, daarteen appelleer.

(2) So 'n appél moet aangeteken en voortgesit word asof dit 'n appél was teen 'n vonnis van 'n landdroshof in 'n siviele saak en alle reëls op laasgenoemde appél van toepassing, of wat betref sy verhoor of wat betref die bekragtiging of tersydestelling waarteen geappelleer word of andersins is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n appél kragtens hierdie artikel.

(3) Behoudens die bepalinge van hierdie artikel kan daar nie teen die beslissing van die raad geappelleer word nie.

HOOFSTUK IV.

AANSOEKE OM NUWE LISENSIES, BUITEN BINNE- VERBRUIKSLISENSIES VIR HUISVESTINGS- INRIGTINGS.

Procedure in verband met aansoeke.

29. (1) Iemand wat die verlening van 'n nuwe lisensie of 'n voorwaardelike magtiging vir 'n gespesifiseerde nuwe lisensie soos bepaal in artikel 32 verlang en enige houder van 'n lisensie wat die permanente verplasing van sodanige lisensie van die perseel waarop dit betrekking het na 'n ander perseel dieselfde distrik verlang, kan, behoudens die bepalinge van artikel 76, daarom by die raad aansoek doen.

(2) Elke sodanige aansoek moet in die voorgeskrewe vorm wees, moet vergesel wees van die voorgeskrewe dokumente en inligting en moet nie vroeër nie as sestig dae en nie later nie as dertig dae voor die datum van die aan-

- (a) in the proceedings in question the board exceeded its powers or refused to exercise powers which it was bound to exercise or exercised its powers in an arbitrary or *mala fide* or grossly unreasonable manner; or
- (b) a conviction of an applicant which was before the board at the time of its decision has since been reversed or set aside on review or appeal or that in respect of such conviction a free pardon has been granted; or
- (c) a person who was disqualified from being a member or, if a member, from taking any part in the proceedings in question, took part in such proceedings.

(2) If upon the consideration on review of any proceedings of the board the court finds that the allegations of the petitioner for the review have been proved, it may set aside the proceedings in question and make such order as it deems fit, including an order that a special meeting of the board be convened for the rehearing or reconsideration of the matter: Provided that no proceedings shall be set aside —

- (a) by reason merely of a formal or technical defect in any of the proceedings which has not in the opinion of the court resulted in substantial injustice; or
- (b) in any other case, unless the reviewing court is satisfied that the matter proved, caused or was calculated to cause substantial prejudice to the petitioner or any other persons.

28. (1) In respect of any question of law decided by the chairman of the board, not being a matter decided under subsection (4) of section 48, an appeal shall lie at the instance of any applicant in respect of or in connection with whose application or of any objector in respect of or in connection with whose objection such decision was given.

Cases in which appeal allowed.

(2) Such appeal shall be noted and prosecuted as if it were an appeal from a judgment of a magistrate's court in a civil matter and all rules applicable to such last-mentioned appeal, whether in respect of the hearing thereof or of the confirmation or setting aside of the proceedings appealed against or otherwise, shall *mutatis mutandis* apply to an appeal under this section.

(3) Save as provided in this section, there shall be no appeal from the decision of the board.

CHAPTER IV.

APPLICATIONS FOR NEW LICENCES OTHER THAN ACCOMMODATION ESTABLISHMENT ON-CONSUMPTION LICENCES.

29. (1) Any person desiring the grant of a new licence or conditional authority for any specified new licence as provided in section 32 and any holder of a licence who desires the permanent removal of such licence from the premises to which it relates, to other premises in the same district may, subject to the provisions of section 76, apply therefor to the board.

Procedure in connection with applications.

(2) Every such application shall be in the prescribed form, shall be accompanied by the prescribed documents and information and shall be lodged with the magistrate of the district in which the premises to which the ap-

vang van die vergadering van die raad waarby die aansoeker sy aansoek wil laat oorweeg, by die landdros van die distrik waarin die perseel waaroor die aansoek gaan geleë is, ingedien word.

(3) Wanneer aansoek aldus gedoen word om 'n nuwe groothandeldranklisensie moet die aansoeker spesifiek verklaar of hy deur die lisensie waarom aansoek gedoen word, gemagtig wil wees om drank daarkragtens regstreeks aan die publiek te verkoop of nie.

(4) By ontvangs van 'n aansoek ooreenkomstig hierdie artikel moet die landdros dit saam met die dokumente en inligting voorgeskryf by subartikel (2) onmiddellik stuur aan die polisieoffisier bedoel in artikel 115 en sodanige offisier moet sodra moontlik na ontvangs daarvan en nadat hy sodanige navrae gedoen het soos hy nodig ag, die aansoek en sodanige dokumente en inligting aan die landdros terugstuur saam met sy verslag ooreenkomstig daardie artikel.

(5) Die landdros moet sodra moontlik na ontvangs van die dokumente en inligting bedoel in subartikel (4), maar in elk geval nie later nie as veertien dae voor die datum van aanvang van die vergadering van die raad, waarby die aansoek oorweeg moet word, sodanige dokumente per hand of met aangetekende pos aan die sekretaris van die raad stuur saam met sy verslag bedoel in subartikel (6).

(6) Die landdros moet alle sodanige sake met betrekking tot die aansoek soos hy goetvind insluitende die moontlikheid van 'n monopolistiese toestand skadelik vir die openbare belang wat in die drankhandel of 'n tak daarvan kan ontstaan of vererger kan word as die lisensie verleen word, onder die aandag van die raad bring, asook die totale getal dranklisensies reeds verleen ten opsigte van persele geleë in die distrik, die totale getal huisvestingsinrigtings geleë in die distrik wat gelisensieer is om drank te verkoop en die beraamde getal persone wat deur sodanige lisensies gedien word, en kan ter inligting van die raad sodanige ander kommentaar of aanbevelings doen met betrekking tot die aansoek soos hy goetvind.

Raad kan
aansoek toestaan
of weier.

30. Die raad kan, behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie, na oorweging van al die dokumente en inligting wat ooreenkomstig artikel 29 aan hom voorgelê is en na voldoening aan die bepalings van Hoofstuk VIII enige aansoek toestaan of weier.

Raad kan
voorwaardes
oplê.

31. By die toestaan van 'n aansoek aan hom gedoen ooreenkomstig artikel 29 kan die raad sodanige voorwaardes soos hy goetvind oplê ten opsigte van —

- (a) enige strukturele verandering of rangskikking van of aanbousels of herstel aan die perseel ten opsigte waarvan die aansoek gedoen is;
- (b) akkommodasie wat op sodanige perseel aan die publiek verskaf moet word insluitende die verskaffing van sitplekke in die beperkte gedeelte;
- (c) uitgangswêë in die geval van brand, behoorlike dreinerings en sanitêre reëlins en geriewe op die perseel, of
- (d) enige ander saak wat die raad nodig ag ter voldoening aan die redelike behoeftes van die publiek of besoekers aan die perseel of ter vergemakking van toesig deur die polisie, of in enige ander opsig,

en kan hy die tydperk bepaal waarbinne so 'n voorwaarde nagekom moet word deur die lisensiehouer of kan hy bepaal dat 'n lisensie nie uitgereik mag word nie voordat die senior offisier van die polisie in bevel van die distrik

plication relates are situated not earlier than sixty and not later than thirty days before the date of commencement of the meeting of the board at which the applicant desires his application to be considered.

(3) Where any application is so made for a new wholesale liquor licence, the applicant shall state specifically whether or not he desires to be authorised by the licence applied for to sell liquor thereunder directly to the public.

